**The Mission of God and God's Church-Missiology**

**Langham Publishers  2025**

**Editors: David Ngaruiya, Elizabeth Mburu and Nathan Chiroma**

**AFRICA SOCIETY OF EVANGELICAL THEOLOGY (2024 papers)**

**Chapter 7**

# EXPLORING MISSIOLOGICAL PROSPECT IN A POSTMODERN ERA FROM AN AFRICAN PERSPECTIVE

**Jonathan Aminu Abbas, PhD Baptist Theological Seminary, Kaduna**

Opsomming: Die navorsing ondersoek die uitdagings van Christelike sendingwerk in die postmoderne era. Die studie ondersoek

1 die impak van die postmodernistiese verwerping van finale antwoorde op alle vrae, Dit reageer teen die basiese geloofsraamwerk van die Skrif, synde skepping, sondeval, Christus se verlossingswerk, die kerk se missie en die voleindiging wat kom.

2 Dit reageer teen die Christendom se basiese geloofs- en Skrif uitgangspunte oor wat waarheid is, dat net Christus ons kan red, ens.

3 Postmodernistiese paradigma se denke draai om individualisme, persoonlike outonomie en eie keuses. Materiële besittings, persoonlike sukses en onmiddellike bevrediging van drange en drome word voorgestaan. Let op dat die Christelike geloof die klem lê op die gemeenskaplike identiteit van alle mense (geskape na die beeld van die Drie-enige God), opofferende liefde en om jouself te gee vir ander (Liefdesgebod, Christus as voorbeeld).

4 Skeptisisme en wantroue teenoor Instellings en Outoriteit. Bv: die kerk se hiërargiese strukture en die mag of gesag wat dominees en kerkleiers opeis.

5 `n Veranderende geestelike oriëntasie. `n "Pas my" spiritualiteit wat selfbevredigend is en enigiets wat dit aanhelp, is aan die orde van die dag. Sinkretisme ontwikkel. Die ortodokse en fundamentalistiese interpretasie van die Skrif is vir die postmodernis weersinwekkend, aanmatigend.

6 Pluralisme en dialoog met alle ander gelowe word voorgestaan. As die kerk niks wil hoor of leer van ander nie, word die kerk ernstig bevraagteken. Die kerk is dan vir die postmodernis beterweterig en selfvoldaan asof dit alles weet en geen foute het of kan maak nie.

## HOE MOET DIE KERK DIE NUWE KONTEKS EN DENKWYSE HANTEER?

(BL 135-140)

Die skrywer gebruik die sendelinge wat na Afrika gekom het as voorbeeld en wys op verskeie aspekte van hulle bediening wat behels het dat hulle aangepas het en die Boodskap gebring het op `n wyse wat in die Afrika konteks gewerk het. Op dergelike wyse, stel hy voor, moet die kerk in Afrika in die postmodernistiese globale kultuurskuif aanpassings maak (wat nie beteken die evangeliese waarhede verwater word nie!).

Hy noem die volgende en wys elke keer hoe aspekte daarvan in die NT sigbaar is.

1 **Erken en hanteer diversiteit**: leer die kultuur en mense van Afrika ken (van die deel van Afrika waar jy die Woord gaan bedien). Jy moet hulle waardes en opvattings leer ken. Hy wys op die gebeure rondom die uitstorting van die Heilige Gees waar mense van verskillende nasies en tale die Gees in hul eie idioom met hulle hoor praat het. Die Bybel se sleutelwaardes van liefde, eenheid en versoening het oor grense gegaan: **Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus**. (Gal 3:38).

2 **Kontekstualiseer**. Hy verwys na Paulus in Athene op die Areopagus en hoe hy met mense van verskillende agtergronde en oortuigings gepraat het. Lees Hand 17:16-34.).

3 **Koester mense wat geestelik soekend is**. Soekers gaan nie kerktoe as hulle om antwoorde te soek nie! As jy hulle wil help, moet jy by hulle uitkom en eers na hulle luister. Voorbeeld: Filippus wat saam met die Ethiopiër gereis het. Lees Hand 8:26-40).

4 **Gebruik die internet, digitale ruimtes**. Paulus se wyse van die beginsel was om briewe te skryf. Daar is nou talle variasies op die tema beskikbaar. Leer dit gebruik.

5 **Herinterpreteer of ontdek aanbidding/eredienste en dissipelskap in 'n postmoderne konteks**. Lang preke gaan nie goed kommuikeer nie. Hoe moet ons met vandag se mense praat? Kyk na alternatiewe manière om die evangelie te deel. Kleingroep gesprekke, interaktiewe deelnemende werkswinkels, getuienisse en besprekings daarvan, nuwe musiek, en, baie doeltreffend: kuns.

6 **Bevorder reg en geregtigheid en uitreik na nood en ellende aktief**. Neem die profete se oproep aan Israel as voorbeeld. Jes 1:17 „Leer om weer goed te doen, sorg dat daar reg geskied, gaan die verdrukker teë. Laat reg geskied aan die weeskinders, behartig die regsake van die weduwees.“ Kyk ook na Amos 5:24. Sodanige werk en opoffering getuig uiters sterk in die postmodernistiese konteks waarin ons tans is. Woorde (preke) wek, maar voorbeelde (dade) trek!

Deur hierdie geleenthede te benut, kry missioloë en praktisyns gereedskap om betekenisvol met die veelsydige uitdagings van die postmoderne wêreld om te gaan. Dit help impakvolle en relevante sendingpogings in die 21ste eeu fasiliteer.